**VRYSTAATSE HOË HOF, BLOEMFONTEIN**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA**

Saaknommer: 1438/2012

In die saak tussen:-

| | |
|---|---|
| **HUMAN BOERDERY BK** | Applikant |
| en | |
| **RE SMITH N.O.** | 1ste Respondent |
| **B ST CLAIR COOPER N.O.** | 2de Respondent |
| **T V MATSEPE N.O.** | 3de Respondent |
| **S M RAMPOPORP N.O.**<br>(in hulle hoedanighede as voorlopige kurators van die insolvente boedel ***BENNIE VAN NIEKERK BOERDERY TRUST***) | 4de Respondent |
| **ABSA BANK** | 5de Respondent |
| **FARMSECURE LIVESTOCK (EDMS) BPK** | 6de Respondent |

---

**AANGEHOOR OP:** 20 APRIL 2012

---

**UITSPRAAK DEUR:** HANCKE, WND RP

---

**GELEWER OP:** 26 APRIL 2012

---

[1] Die applikant doen huidiglik aansoek om 'n bevel ingevolge artikel 84 gelees met artikel 83 van die Insolvensiewet, Nr. 24 van 1936, teen die voorlopige kurators in die insolvente boedel van Bennie van Niekerk Boerdery Trust vir die

lewering van 155 kalwers. Die aansoek was aanvanklik ter rolle geplaas vir 12 April 2012 waarna Molemela R dit uitgestel het na 20 April 2012 ten einde die respondente 'n geleentheid te gee om funderende eedsverklarings te liasseer.

[2] Mnr. Zietsman, namens die eerste tot vierde respondente, asook Mnr. De Bruin, namens die vyfde respondent, het twee aspekte in geskil geplaas, naamlik eerstens eiendomsreg en identifikasie van die kalwers, en tweedens, die dringendheid van die aangeleentheid.

[3] Wat eersgenoemde betref, moet 'n litigant, ten einde te kan slaag met 'n aansoek ingevolge artikel 84 van die Insolvensiewet bewys dat hy die eienaar van die roerende saak was soos op datum van sekwestrasie en dat daardie roerende bates gelewer was aan die Bennie van Niekerk Boerdery Trust ingevolge 'n transaksie bekend as 'n "afbetalingsooreenkoms" soos bedoel in paragrawe (a), (b) en (c)(i) van die definisie van "instalment agreement" soos uiteengesit in artikel 1 van die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005.

[4] In die geval van ‘n vervangbare saak soos beeste in hierdie geval, moet die nodige identifikasie aangetoon word waardeur die eiendomsreg bevestig kan word. Van der Merwe: **Sakereg**, 2de Uitgawe, p. 47.

[5] Waar die skuldoorsaak van ‘n vindikatoriese aard is, is die bewyslas op die eienaar om op ‘n oorwig van waarskynlikhede aan te toon dat hy die eienaar is van die saak en die respondente in besit daarvan is. **CHETTY v NAIDOO** 1974 (3) SA 13 (A) te 20 C – D.

[6] Die houding van die voorlopige kurators is dat daar tot dusver slegs die bewering van eiendomsreg van die applikant was, tesame met ‘n faktuur waarin die inskripsie per pen aangebring is, wat soos volg lees:

> “Hierdie diere bly die eiendom van Human Boerdery BK tot volledige betaling plaasvind.”

Die faktuur self dui egter geen identifikasie aan ten aansien van die betrokke 155 kalwers nie.

[7] In die huidige saak is die identifikasie van die betrokke diere van kardinale belang is. Dit is belangrik om daarop te let dat die applikant beweer dat sy beeste

> "... have triangular shaped indentations on the top and the side of the left of the cattle's ear"

[8] Op 15 Maart 2012, d.w.s. nog voordat die voorlopige kurators op die toneel was, het Mnr. Nico Gutter namens die applikant teenoor amptenare van Absa Bank aangedui dat daar 'n keep is aan die onderkant van die regteroor asook dat daar twee kepe is aan die regteroor.

[9] In 'n verdere verklaring wat saam met die repliek geliasseer is van prokureur Kotze ten einde die verskil te verduidelik, meld hy dat hy met Mnr. Gutter gekonsulteer het en dat daar 'n misverstand tussen hom en die advokaat wat die verklaring opgestel het, ontstaan het.

[10] Insiggewend is dat in die opponerende verklaring die voorlopige kurators daarop wys dat die applikant glad nie met hierdie aspek handel in repliek nie en so ook nie die

advokaat wie na bewering die prokureur misverstaan het nie. Wat meer is, is dat die applikant, in ‘n eedsverklaring wat afgelê is op 27 Maart 2012 die identifikasie soos volg beskryf:

> “Al die beslote korporasie se kalwers wat gelewer is, is gemerk met ‘n knip in die oor.”

[11] In die repliek wat deur die applikant geliasseer is, word daar glad nie gehandel met die laaste beskrywing hierbo na verwys nie. So ook bevestig die applikant nie in sy repliek bewerings wat Mnr. Gutter vir prokureur Kotze meegedeel het nie. Dieselfde geld ook ten aansien van die misverstand tussen Mnr. Kotze en die advokaat.

[12] Dit blyk verder dat die vervoerkontrakteur, Mnr. De Beer, toe hy vir Mev. Gutter om identifikasiemerke gevra het, sy te kenne gegee het dat daar geen identifikasiemerke van die kalwers bestaan nie.

[13] Daar is ook ‘n verwysing na oranje oorplaatjies, welke oorplaatjies egter aangebring is deur Absa nadat Mnr. Gutter

op 15 Maart 2012 teenoor Absa sekere uitwysings gemaak het. Hierdie oorplaatjies was nooit deel van die identifikasiemerke van die applikant se beeste soos deur die applikant aan die trust gelewer nie.

[14] Na aanleiding van die voormelde probleme het Mnre. Matsepes Ingelyf, synde die prokureur van die kurators, op 3 April 2012 'n skrywe gerig aan die applikant se prokureurs waar daar onder andere die volgende vermeld word:

> "Die skrywer hiervan bevestig dat daar baie onduidelikhede is, en is die kurators in hierdie stadium slegs in 'n posisie om die feite hierin te beoordeel sodra ons die getuienis van alle relevante partye hierin ontvang en getoets het.
>
> Die skrywer hiervan bevestig dat gegewe hierdie omstandighede ons aanbeveling aan krediteure is dat 'n ondervraging gehou moet word, inteendeel ons het reeds 'n datum met die Meester van die Hooggeregshof gereël, vir die hou van sodanige ondervraging op 2 - 3 Mei 2012.
>
> Dit blyk egter in hierdie stadium dat die enigste manier waarop die kurators sinvol 'n beslissing kan maak in hierdie aangeleentheid is ten einde alle partye in hierdie verband behoorlik te ondervra ingevolge die bepalings van artikel 152 van die Insolvensiewet, Wet 24 van 1936 soos gewysig."

[15] Verder wat die dringendheid betref, steun die applikant daarop dat die omstandighede waaronder die beeste in die voerkraal aangehou word, veel te wense oorlaat. In die stukke is daar ‘n verwysing na ‘n verslag van Dr. Albertyn, wat ‘n inspeksie uitgevoer het na aanleiding van prokureur Kotze se versoek daartoe op 4 April 2012.

[16] In hierdie verband is die volgende gedeeltes van ‘n skrywe gedateer 5 April 2012 van Mnre. Symington & De Kok gerig aan Mnre. Piet Kotze en Vennote van belang:

> “1. Ons verwys na die bogemelde asook die telefoniese gesprek tussen Mnr. Carshagen en Mnr. Piet Kotze op 5 April 2012.
>
> 2. Na aanleiding van ons telefoniese gesprek sal ons dit waardeer indien u vir ons kan voorsien met ‘n verslag van die veearts, wat namens u kliënt die voerkraal in die bogemelde boedel besoek het.
>
> 3. Soos u bewus is, is dit Donderdagmiddag 15h00 hier voor die paasnaweek en sal ons graag stappe wil neem indien dit blyk dat optrede vanaf die voorlopige kurators geverg word ten aansien van die beeste in die voerkraal.
>
> 4. Ons kan net meld dat daar volgens die voorlopige

> kurators behoorlik na die beeste omgesien word en is dieselfde personeel wat die voorlopige sekwestrasiedatum in beheer was, steeds in beheer."

[17] Ondanks die versoek om 'n verslag van die veearts aan die kurators beskikbaar te stel, het die applikant egter verkies om daarna, sonder verskaffing van die verslag op daardie stadium, die huidige aansoek te rig. In elk geval blyk dit dat die bewerings van Dr. Albertyn in verskeie opsigte weerspreek word deur die getuienis van die voerkraalbestuurder, Mnr. Du Toit.

[18] Na my mening bestaan daar in die omstandighede geen grondslag om op 'n dringende basis die hof te nader om 'n bevinding te maak ten aansien van die vraag of die applikant geregtig is op teruggawe van die beeste ingevolge artikel 84 van die Insolvensiewet nie. Dieselfde geld ook wat die regsgeldigheid al dan nie, van die vyfde respondent se aansprake betref. Nadat 'n behoorlike insolvensie-ondervraging gehou is, behoort die voorlopige kurators in 'n beter posisie te wees ten einde self hierdie beslissing te neem, waarna die applikant, as hy nie tevrede is daarmee

nie, die hof kan nader vir gepaste regshulp.

[19] In die lig van die voorgaande is ek van mening dat daar nie ‘n behoorlike saak uitgemaak is vir die verlening van die aangevraagde regshulp op die gronde waarop gesteun is in die stukke nie. Mnr. De Bruin, namens die vyfde respondent, het ook ‘n argument voorgehou ten opsigte van die moontlike gebrekkige aard en omvang van die getuienis ten einde eiendomsreg te bewys. In die lig van die slotsom waartoe ek kom, is dit nie nodig om met hierdie argumente te handel nie.

[20] Wat koste betref, alhoewel daar sprake is van verwytbare optrede aan die kant van die applikant, is ek van mening dat dit nie van sodanige aard is dat dit ‘n bestraffende kostebevel regverdig nie. Die kostebevel moet dus getakseer word op ‘n party-en-party skaal. Daar bestaan geen rede dat die koste van die aansoek op 12 April 2012 wat oorgestaan het, asook die koste vir die loods van die teenaansoek deur die voorlopige kurators ten einde magtiging te verkry in terme van artikel 18(3) van die Insolvensiewet ten einde hierdie aansoek te opponeer, ook nie deel sal wees van die kostebevel nie.

[21] Bygevolg word die aansoek van die hand gewys met koste, welke koste sal insluit die verkwiste koste van 12 April 2012 asook die koste verbonde aan die loods van die teenaansoek deur die voorlopige kurators.

**S.P.B. HANCKE, WND RP**

| | |
|---|---|
| Namens die applikant: | Adv. A.J.R. van Rhyn SC<br>Bygestaan deur:<br>Adv. S. Tsangarakis<br>In opdrag van:<br>Steyn Meyer Ingelyf<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die eerste tot vierde respondente: | Adv. Paul Zietsman SC<br>In opdrag van:<br>Saffy & Assosiate<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die vyfde respondent: | Adv. J.P. de Bruin SC<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/sp